*SALISBURY SE SIERLIKE KERK.*

Die Volkstem. 19 Februarie 1931.



**Die mooi Kerkgebou van die Ned. Geref. gemeente Salisbury, wat Saterdagmiddag ingewy is. Mnr. Gerard Moerdyk, van Pretoria, was die argitek.**

# 'N SIERAAD VIR SALISBURY.

## HOLLANDSE KERK INGEWY.

### Goewerneur teenwoordig.

Saterdagmiddag is die nuwe kerkgebou van die Ned. Geref. gemeente te Salisbury, in die Jameson-laan ingewy. Daar was 'n groot skare teenwoordig, o.w. die Goewerneur en lady Rodwell, verskeie predikante en verteenwoordigers van ander gemeentes.

Ds. J. A. Pienaar het die aanwesiges verwelkom en gewys op die vooruitgang van die Ned. Geref. gemeente te Salisbury. Toe spr. vyf jaar gelede daar aangekom 't was die gemeente sonder fondse. Nie lank daarna nie is besluit om 'n kerksaal te bou, dog die noodsaaklikheid van 'n kerkgebou is gevoel en besluit is om vir hierdie doel 'n fonds in die lewe te roep. Met die samewerking van vriende op die dorp en in die distrik het die fonds in vyf jaar gestyg tot £5,700. Hierdie bedrag is vergroot deur 'n lening van die Vrystaatse kerk van £2,750 en eindelik is die nuwe gebou opgerig, wat £9,700 gekos het. Daar is egter nog 'n skuld van £4,000, maar spr. meen dat dit in iets meer dan twee jaar afbetaal sal word. Spr. het die bou-komitee bedank vir sy uitstekende werk, asook die gemeentelede vir hulle ondersteuning.



**Mnr. Gerard Moerdyk.**

S.Eks. die Goewerneur het namens alle kerke almal, wat betrokke was in die onderneming, geluk gewens dat hulle daarin geslaag het om so'n pragtige kerk te bou. Spr. sal die geleentheid altyd in gedagte hou, want hy het nog nooit so baie mense in 'n kerk in Suidelik Rhodesië gesien nie. Spr. meen dat hierdie kerk die eerste voorbeeld in die Kolonie is van 'n soort kerk wat kenmerkend is van alle dorpe in die Unie. Nie alleen gemeentelede nie maar alle ingesetenes van Salisbury kan trots wees op die pragtige gebou, meen spr.

Spr. wys ook op die pragtige verstandhouding wat in die verlede bestaan het tussen die Ned. Geref. Kerk e.a. godsdienstige seksies van die gemeenskap. Hierdie kerk is 'n mylpaal in die geskiedenis van die Hollandse gemeenskap in die Kolonie. Dit sal vir predikante en sendelinge as aanmoediging dien in hulle pragtige werk om die geestelike welvaart van die bevolking te bevorder.

Die argitek van die gebou, mnr. Gerard Moerdyk, van Pretoria, het ook gewys op die vername plek wat die Ned. Geref. Kerk in elke dorp inneem met betrekking tot die mooi kerkgeboue in die dorpe. Die aanhangers van die Hollandse kerk voel miskien meer aangetrokke tot hulle kerk, daar dit die geestelike leidraad was en die volksgees van die mense gered het. Die godsdienstigheid van die Hollandse burger word bereken na sy getrouheid aan sy tradiesies en aan sy kerk, want hoewel dit 'n fout is om nasionalisme te leer het dit nog nooit betaal om 'n volksgees te probeer wegneem nie.

Dr. P. J. Pienaar, verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in die Vrystaat, het hierop 'n rede gelewer en tot die aanwesiges gespreek na aanleiding van die teks: "Die Kerk, wat my liggaam is."

#### SPESIALE DIENS.

Saterdagaand is 'n spesiale diens gehou, by welke geleentheid die ligte ingewy is. Onder die sing van die eerste gesang het ds. Pienaar die oudste lid van die gemeente, mevr. Hartel, na die skakelbord gelei en sy het die ligte aangeslaan. Dr. de Villiers, van Boelawajo, het die diens gelei.

Die kerkgebou is iets nuuts op die gebied van argitektuur in Salisbury. Dit is gebou volgens dieselfde ontwerp van die Hollandse kerke in die Unie en is voorsien van baie aantreklike kenmerke. Die gebou is in alle opsigte 'n aanwins vir Salisbury en met sy hoë kloktorings is dit een van die eerste geboue wat in die oog val as mens die dorp binnekom.

Die hoë fondament van die gebou is van graniet wat kom uit plaaslike steengroewes. Die mure is van klip, afgewerk met ruwe sement en witkalk. Die dak bestaan uit Mazistteëls, wat spesiaal uit die Unie ingevoer is. Wat treffend is van die ontwerp, is die eenvoud en doeltreffendheid, hoewel dit mens geensins die indruk van 'n gemeenplaas gee nie. Die sitplekke is van Birmese eik en loop saam by die preekstoel. As gevolg hiervan is die akoestiek besonder goed. Die preekstoel is in Salisbury vervaardig, eweneens van Birmese eik, en is 'n versiering wat gunstig vergelyk met die res van die gebou. Die vloer is ook besonder in die oogvallend; dis gemaak van Rhodesiese eikblokke, en is mooi gerangskik en gepolieer. Drie eike deure verleen ingang tot die gebou. Hierdie deure bring mens in 'n agthoekige portaal. Die voorkant word voltooi met 'n klassieke balustrade en die ingang is met krulle uitgewerk.

Die bouwerk is gedoen onder toesig van mnr. W. D'Arcy Cathcart van Salisbury. Die aannemer is mnr. J. M. Coull van Salisbury, terwyl die elektriese werk gedoen is deur die firma Hubert Davies en Kie., Bpk., onder toesig van mnr. C. H. Baskerville. Met die bouwerk is begin op 1 Februarie 1930 en die hoeksteenlegging het plaasgevind op 26 April.